

Vlugtende slange

“Wie het julle wysgemaak dat julle die dreigende toorn kan ontvlug?” Agter hierdie woorde gaan daar ’n beeld skuil. Dis die beeld van ’n land wat afgeoes is; oral lê nog hope gras en stoppels rond. Wanneer hierdie droë hope aan die brand gesteeke word peul daar allerhande slange uit. Hulle is die adders wat vlug vir die vuur.

Só, sê Johannes die Doper, maak die Fariseërs en Sadduseërs ook. “Sê nou maar hierdie boeteprediker met die wilde hare is reg ... en God se oordeel is regtig hier! Kom, laat ons ons maar deur Johannes doop. Dit kan tog nie kwaad doen nie!” Dis die trant waarin hierdie geestelike leiers van die volk blykbaar redeneer.

Johannes stel hulle egter aan die kaak. “Woorde alleen help nie. Julle moet vrug dra wat by die bekering pas. In elk geval kan julle nou net tydelik die vuur ontvlug. Hy wat kom sal met die Heilige Gees en met vuur doop. Hóm kan julle nie ontvlug nie!” Sy advent is hier!

Vlug ek en jy dalk alleen maar van die vuur af weg ... om nog voort te gaan met ons ou “slanglewe”? Of brand die vuur van die Heilige Gees ons ou slangnatuur hoe langer hoe meer dood? Staan ons elke dag op in Hom op Wie die Gees soos ’n duif neergestryk het? Die vrug van ons vlug sal dit uitwys ...

Sing: Psalm 97:3 (1936)

Dr. PP Kruger (Meyerspark)